


Koning Saul soek hulp
{Ruan Mocke}

## 1 Sam 17

8En hy het gaan staan en roep na die
slagordes van Israel en vir hulle gesê: Waarom
trek julle uit om jul in slagorde op te stel? Is
ek nie die Filistyn, en julle dienaars van Saul
nie? Kies vir julle ’n man uit, dat hy na my toe
afkom. 9As hy teen my kan veg en my
verslaan, sal ons julle slawe wees; maar as ek
hom oorwin en hom verslaan, moet julle ons
slawe wees en ons dien.


1 Sam 17
10Verder sê die Filistyn: Ek daag die slagordes
van Israel vandag uit! Gee my ’n man, dat ons
saam kan veg. 11Toe Saul en die hele Israel
hierdie woorde van die Filistyn hoor, was hulle
verskrik en baie bevrees.


Wat sou jy doen in die situasie?
• Koning Saul soek hulp
• Koning Saul gebruik ou motiveringstaktiek



1 Sam 17
23En terwyl hy met hulle spreek, kom juis
die baasvegter — Góliat is sy naam, die
Filistyn uit Gat — uit die slagordes van
die Filistyne op en spreek daardie selfde
woorde, sodat Dawid dit hoor. 24Maar
toe al die manne van Israel die man sien,
vlug hulle vir hom weg, want hulle was
baie bang.

1 Sam 17


25En die manne van Israel sê: Het julle
die man gesien wat daar opkom? Want
hy kom op om Israel uit te daag. En die
koning sal die man wat hom verslaan,
oorlaai met groot rykdom; ook sal hy sy
dogter aan hom gee en sy familie in
Israel vrystel van belasting.


# Koning Saul soek hulp

- Rykdom en weelde
- Sy dogter
- Die hele familie vrywaar van belasting


1 Johannes 2:15 - 17
Moenie die sondige wêreld en die dinge
van die wêreld liefhê nie. As iemand die
wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in
hom nie. 16Die wêreldse dinge – alles
wat die sondige mens begeer, alles wat
sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid
op besit – kom nie van die Vader nie,
maar uit die wêreld


1 Johannes 2:15 - 17
17En die wêreld met sy verleidelike dinge
gaan verby, maar wie die wil van God
doen, bly ewig lewe.


1 Sam 17
Daarop het Dawid die manne wat by hom staan, gevra en gesê: Wat sal met die man gebeur wat hierdie Filistyn verslaan en die smaad van Israel wegneem? Want wie is hierdie onbesnede Filistyn, dat hy die slagordes van die lewende God durf uitdaag?


Koning Saul soek hulp
• Saul soek iemand wat die wereld liefhet
• God stuur iemand wat Hom liefhet



1 Sam 17
38 En Saul het Dawid sy klere laat aantrek
en ’n koperhelm op sy hoof gesit en hom
’n pantser laat aantrek

## 1 Sam 18

5 En Dawid het uitgetrek. Oral waar Saul
hom gestuur het, was hy voorspoedig,
sodat Saul hom oor die krygsmanne
aangestel het; en dit was goed in die oë
van die hele volk en ook in die oë van die
dienaars van Saul.


**1 Sam 18**

6En toe hulle tuis kom, en ook Dawid terug
was nadat hy die Filistyn verslaan het, het
die vroue uitgegaan uit al die stede van
Israel met sang en koordanse, met
tamboeryne, met vreugdegeroep en met
triangels koning Saul tegemoet. 7En die
vroue wat vrolik was, het gesing en gesê:
Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid
sy tienduisende!


1 Sam 18
8En Saul het baie kwaad geword, want
hierdie woord was verkeerd in sy oë. En hy
sê: Hulle het Dawid die tienduisende
gegee, maar my die duisende gegee; hy
moet nou nog net die koningskap kry!


## Matt 9

9EN toe Jesus daarvandaan verder gaan,
sien Hy ’n man met die naam van
Matthéüs by die tolhuis sit; en Hy sê vir
hom: Volg My. En hy het opgestaan en
Hom gevolg. 10En terwyl Hy in die huis
aan tafel was, het daar baie tollenaars en
sondaars saam met Jesus en sy dissipels
aan tafel gegaan.


**Matt 9**
11En toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir sy dissipels: Waarom eet julle Meester saam met tollenaars en sondaars?

**Matt 9**

12Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle:
Die wat gesond is, het die geneesheer nie
nodig nie, maar die wat ongesteld is.
13Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil
barmhartigheid hê en nie offerande nie;
want Ek het nie gekom om regverdiges te
roep nie, maar sondaars tot bekering.


Matt 9
17 ’n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou
leersakke nie; anders bars die sakke en die
wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar ’n
mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en
altwee bly behoue.